



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

12 NOVEMBER 2017

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za nav-  
rae@stellenberg.co.za

## GEMEENTEBULLETIN

REFORMEREND VORENTOE

### EREDIENSTE

			12 November		19 November (Nagmaal)		
<b>OGGENDDIENS</b>	09:00 Kerk	Oggenddiens	Dr. Blackaby	1	Ds. Visagie	3/4	
	Tema:	09:00 Kapel	Meditatief	Ds. Visagie	-	Philipp Dietmann	-
	Flickering lamps	09:00 Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Breytenbach	7	Ds. Breytenbach	6/9
<b>GESINSDIENS</b>	09:00 Grootaal	Klouterkerk	Prop. vd W'huizen	-	Geen diens	-	
	Christus maak ons waarlik mens (2 Kor 4:7-16)	18:00 Kleinsaal	Jeugdiens	Prop. vd W'huizen	-	Ds. Kotze	-
	19:00 Kapel	Kruisdiens	Geen diens	1	Ds. Duvenhage	11	
	19:00 Kerk	Feeskonsert	Ds. Breytenbach	-	Geen	-	

### ONS WIL DANKIE SÊ

Ons nooi al ons getroue helpers - bulletinouers, kospakkers, koskokers van die Omgeekombuis, lede van die breigroep, geldtellers en blommerangskikkers na 'n oggendtee op Vrydag 1 Desember om 11:00 in die Markplein. Ons hoop almal kan dit bywoon.

### BEROEPING VAN 'N NUWE LERAAR

Die pre-advieskomitee het die afgelope week onderhoude met die vier kandidate op die kortlys gevoer. Die beroepingsvergadering is op Woensdag 15 November. Ons vra dat lidmate voorbidding vir die proses sal doen.

### KERSPAKKIES VIR RUYTERWACHT

Ons benodig pakke malvalekkers (150g) asook pakkies *Toppers* koekies vir kerspakkies aan minderbevoorregte bejaardes in Ruyterwacht. Gee asb. bydraes by die kerkkantoor af.

#### JEUGDIENS

Risiko's vir die  
Koninkryk.  
Markus 2:13-17.

#### KANTOORURE VIR FINANSIËLE KANTOOR

Maandae 11:00 tot  
13:00 en ander  
weeke 09:00  
tot 13:00.

#### DEUROFFER

JAM-span

## JEUGDAGBOEK

- SENIOR KATEGESSE EN JEUGDIENS - Jeugdiens begin 18:00 vanaand in Kleinsaal, met die kleingroepe wat daarop volg.
- SENIOR KLEINGROEOPLEIERS kom Sondag 17:30 bymekaar.
- GRAAD 10'S en hulle ouers ontmoet na die jeugdiens in die jeuglokaal.
- GRAAD 7'S julle is welkom om die jeugdiens by te woon.
- JUNIOR KATEGESSE - graad 1 tot 6 kom in die kleinsaal bymekaar. Ons tema vanoggend - Liefde: waag en wen!
- KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae en Donderdae bymekaar. Kontak Peter by 073 262 3848 indien jy wil inskakel.
- ALIVE vir studente: elke Sondag om 17:00 tot 18:00, kapel.
- DELFT-uitreik: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- JEUG APP: Gaan na *Google Play of Apple Store* en soek "Stellenberg". *Download* en geniet!
- GRAAD 8-KAMP 12 tot 14 Jan. Leiers skryf asb. so vining moontlik in. Daar is beperkte plek. Skryf op die jeug app in of [www.stellenberg.co.za](http://www.stellenberg.co.za)

## VATVYF KERSETE

VatVyf Kerse: Kom geniet 'n heerlike kuier, met Kersgedigte en 'n stylvolle driegang Kerse op Woensdag 22 November om 12:00 in die Kleinsaal. Reik uit na iemand anders deur 'n afgetrede persoon saam te nooi. Besprekings @ R60 per persoon by Karin by 021 976 4519 voor Maandag 20 November om 14:00.

## GRAAD 1-TOT-3-KAMP

Kom kamp saam met ons van 17 tot 18 November in die grootsaal. Bring jou eie tent, slaapsak en flits. Ons gaan die Taai-toffie-challenge aanpak. Kom maak jou hande lekker taai en leer hoe om boelie-gedrag te hanteer. Inskrywings by [sunet@stellenberg.co.za](mailto:sunet@stellenberg.co.za)

## KATEGESSE LOKALE

Gr 1 tot 6	Kleinsaal
Gr 7	Jeuglokaal
Gr 8 en 9	Grootsaal
Gr 10	Jeuglokaal
Gr 11	Kleinsaal

## KLEUTER- EN PEUTERKERK

Die Kleuter- en Peuterkerk is terug in die grootsaal.

## STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator


021 976 8029  
[sos@stellenberg.co.za](mailto:sos@stellenberg.co.za)

## TIENDEMAANDINSAMELING 12 NOV

Gedurende November gee ons in die gees van die Bybelse “Tiende van die oes aan die Here” ’n spesiale dankoffer aan die Here. Ons gee ook in die gees van DANKBAARHEID omdat ons glo dat alles wat ons het aan die Here behoort

As teken van ons **besorgdheid oor die aarde** bring jy jou tiendemaandbydrae (die kontant of bewys van betaling) simbolies in ’n houer, koevert, of sakkie wat jy uit herwinbare materiaal gemaak het. Span ’n leë plastiekbottel, blikkie, koerantpapier, boksie of enige iets denkbare in. Plaas jou telefoonnommer bo-op want daar is twee pryse op die spel (restaurant-etes ter waarde van R500) vir die mees kreatiewe skepping. Ons gee vanoggend tydens die oggenddienste vir lidmate geleentheid om hulle bydraes in te handig.

### Die gemeente se inkomste word soos volg saamgestel:



## NOVEMBER: MAAND VAN DANKBAARHEID

Gelyklopend met ons Tiendemaandinsameling wil ons lidmate geleentheid gee om op ’n tasbare wyse ’n bydrae te lewer deur netjiese, bruikbare huisraad aan ’n minderbevoorregte persoon / gesin te skenk. Gee bydraes vanaf November by die kerkkantoor af. Indien jy ’n verdienstelike persoon of gesin ken wat ’n spesifieke huisraad item benodig, stuur ’n epos aan [navrae@stellenberg.co.za](mailto:navrae@stellenberg.co.za)

### EDELWEISS

#### BYBELSTUDIE

15 Nov om 15:00 en  
15:45

Job werk ook vir vandag  
no. 2 uit Job 2 & 3:  
Van hoop tot ashoop ...

#### Edelweiss Nagmaal

19 November 17:30

Lukas 19: 1-9

Saggeüs . . . die man wat  
(eers) te kort was.

### BREIGROEP AFSLUITING

Die lede van die Breigroep  
gaan saam ontbyt eet op  
4 Desember. Navrae Ria  
083 519 0602.

### KLEINGROEPE

Indien jy belangstel om by  
’n kleingroep (gesinsgroep,  
gebedsgroep, groep vir  
afgetredenes / jong-  
mense) in die gemeente in  
te skakel, stuur ’n e-pos  
aan

[navrae@stellenberg.co.za](mailto:navrae@stellenberg.co.za)

### WOLSKENKINGS

Ons breigroep is steeds  
afhanklik van wolsken-  
kings. Enige afvalwol is  
welkom. Gee asb. by die  
kerkkantoor af.

## FEESMARK 2017

Dankie vir elkeen se voorbidding en verdraagsaamheid (met al die tente Sondae op die terrein) vir die Feesmark. In die besonder dankie aan Marilize Verryne (organiseerder), Adri du Randt (assistent) en helpers vir die reël van 'n uitstekende geleentheid. Ons voel ook bevoorreg dat Stellenberg Feesmark deur die lesers van *Die Burger* aangewys is as die beste geskenke-mark in die Wes-Kaap. 'n Paar interessante syfers en statistiek:

- Die totale styging in omset (bruto) is 15.96% . Totale omset van R19 848 562 teenoor R17 115 481 in 2016 behaal.
- Die netto inkomste vir die gemeente realiseer gewoonlik tussen 7-9%.
- Saterdag 23 Oktober (eerste Saterdag van die mark) was die dag met hoogste omset - R 1 607 779.
- Die aantal transaksies op die genoemde dag was 4 337 en die geskatte syfer vir besoekers was 8 500 mense.
- Die aantal transaksies oor die duur van die mark was 52 454.
- Die restaurant se omset was gewoonlik rondom 10% van die markomset maar vanjaar het dit gestyg tot bykans 11%.
- 10 020 roosterkoeke en 12 280 pannekoeke is verkoop.
- 1762 porsies afval is verkoop.

## VAKANTE POS STELLENBERG-GEMEENTE

**Bestuurder Administrasie:** Aansoeke word ingewag vir genoemde pos in die gemeente. Dit is 'n aangepaste pos van die gemeentebestuurder. Die persoon is verantwoordelik vir personeel en ander administratiewe bestuur van die kerkkantoor en gemeente. Kontakpersoon Marguerite Bester 021 976 4519 of [stellenberg@stellenberg.co.za](mailto:stellenberg@stellenberg.co.za) CV's na genoemde epos adres. Sluitingsdatum 28 Nov 2017 met diensaanvaarding 15 Jan 2018.

## GEBEDSGROEP

Ons nooi alle lidmate om in te skakel by ons informele gebedsbyeenkoms elke Dinsdagaand om 19:00 in die kapel. As jy by die WhatsApp-gebedsgroep wil aansluit, stuur asb. jou nommer en naam na 082 877 9773 (Retha). Gebedsversoeke kan ook via die webwerf [www.stellenberg.co.za/gebedsgroep](http://www.stellenberg.co.za/gebedsgroep) aan die groep gestuur word.

Daar is ook elke Maandag om 09:15 (gedurende skoolkwartale) 'n Vrouebiduur in die gebedskamer. Almal is welkom.